Saterdag 26 September
Skrifgedeelte: 2 Petrus 3:13-18
Fokusgedeelte: 2 Petrus 3:18
Groei in genade en kennis

Ons Here Jesus Christus is op pad! Hy kom vir seker! Dit is die groot verwagting van elke gelowige. Dáárop hoop ons! Maar ons kan nie passief op Jesus se wederkoms wag nie. Ons moet onsself voorberei om Hom met blydskap te ontvang.

Daarom roep vers 14 ons op: Beywer julle dat julle vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede. Ons wag nie soos passasiers wat op 'n trein sit nie. Ons is aktief besig om te lewe soos God dit van ons verwag. Ons stry met inspanning teen elke sonde en dwaling in ons lewe. Ons is versigtig om nie meegesleep te word deur die dwaling van sedelose mense nie (vs 17), want as jy meegesleep en verblind word deur mense wat van God af wegdwaal, raak jy verward en onseker. Dan verloor jy die verwagting van Christus se wederkoms en vervaag die belofte van nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon (vs 13).

Daarom gee vers 18 die opdrag: Maar julle moet toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus. Daar is iets wat moet toeneem – dit wil sê dit moet méér word. Daar is iets wat in jou lewe moet uitgroei, sodat jou hele lewe en lewenswyse daardeur oorheers en beheers word. Die genade … van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus moet jou lewe oorheers. Die vaste vertroue dat Hy jou met sy kosbare bloed gekoop het om nou en vir altyd net aan Hom alleen te behoort – en dit sonder dat jy dit verdien het – hierdie vertroue moet só in jou lewe ingroei en vasgroei dat dit jou hele lewe oorheers. Hierdie vaste vertroue op sy genade groei só in jou lewe vas, namate jy toeneem in kennis … van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus. Kennis – dit is meer as net: om te weet. Die kennis moet van jou verstand af in jou hart in deurgroei, sodat jy onse Here en Saligmaker volledig vertrou. Só moet jy vir Jesus se wederkoms gereed maak.

Beywer jou, span jou in om te groei in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker. Dan sal jy nie meegesleep word en wegval uit jou vastigheid nie.

*Sing: Psalm 138-1:1, 4*

*Ds. AP (Abraham) Krüger (Emeritus)*